RAADSBELEID

ONDERWERP : MEDIABELEID

VERWYSING : 10.1.B

BESLUIT NR : 21/03/07 DATUM : 21 Oktober 2007

BELEIDSOOGMERK : Om te verseker dat daar voldoen word aan die mediabeleid van die Raad sowel as die Nasionale wette wat die mediawese orden.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die Raad moet verseker dat sy persverklarings en mediaskakeling ordelik, deursigtig en feitlik korrek aan die publiek uitgedra word.

RIGLYNE

1. Feitelike inligting oor Raadsbesluite, -besluite en -werksaamhede wat betrekking het op ‘n bepaalde Direktoraat, moet deur die betrokke Direktoraat, met ‘n afskrif aan die Munisipale Bestuurder, uitgereik word. Dit moet ook, vir plasing in die media, aan die Mediakomitee deurgegee word.

2. Persverklarings word alleenlik deur die Senior Kommunikasiebeampte, in samewerking met die Mediakomitee, uitgereik. Die Burgemeester, die Speaker, die Munisipale Bestuurder en die Senior Kommunikasiebeampte, kan in noodgevalle persverklarings uitreik. In die geval waar slegs die Burgemeester, Speaker of Munisipale Bestuurder alleenlik beskikbaar is, kan die Senior Kommunikasiebeampte, in samewerking met hom/haar, persverklarings/ nie-wetlike advertensies plaas.

3. Inligting op die interne- en eksterne publikasies/webblad of ander elektroniese media, moet op datum gehou word.

4. Die uitreiking van alle publikasies word deur die Senior Kommunikasiebeampte aan die Mediakomitee voorgelê.

PROSEDURE

1. Die Direkteur van ‘n spesifieke Direktoraat of sy/haar gedelegeerde, kan op versoek, of op eie inisiatief, feitelike inligting oor hul spesifieke departemente opstel en aan die Senior Kommunikasiebeampte, vir voorlegging aan die Mediakomitee, deurgee.

2. Die Mediakomitee vergader soos nodig, maar ten minste twee keer per maand, om persverklarings/nuusbriewe te bespreek en te redigeer.

3. Nadat regstellings gedoen is, word die persverklarings/nuusbriewe aan die Munisipale Bestuurder of sy/haar gedelegeerde voorgelê, ten einde te verseker dat die regstellings aangebring is.

4. Die Senior Kommunikasiebeampte sal die goedgekeurde persverklarings/ nuusbriewe laat publiseer.

5. Alle advertensies en inligting wat gepubliseer of deur middel van die uitsaai media bekend gemaak word, moet eers deur die Senior Kommunikasiebeampte, in samewerking met die Mediakomitee, geredigeer/goedgekeur word.

6. Die goedgekeurde persverklarings/berigte word vir opname in die webblad deurgegee.

ROLLE

1. Die Mediakomitee, bestaande uit die Burgemeester, Speaker, Munisipale Bestuurder, Direkteur Korporatiewe Dienste, Direkteur Tegniese Dienste, Direkteur Ontwikkelingsdienste, Senior Kommunikasiebeampte en die Hoof Administrasie.

2. Die Hoofde of enige amptenaar van die Munisipaliteit of sy/haar gedelegeerdes, kan enige tyd op uitnodiging vergaderings van die Mediakomitee bywoon.

VERWANTE BELEID/WETGEWING

1. Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000).
2. Wet op Plaaslike Regering : Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000).
3. Wet op Plaaslike Regering : Munisipale Strukture , 1998 (Wet 117 van 1998).
4. Wet op Films en Publikasies, 1996 (Wet 65 van 1996).
5. Die Grondwet, 1996 (Wet 108 of 1996).

HERROEPING/WYSIGINGS

Dat beleidsbesluit 16.12/03/2003 van 31 Maart 2003 rakende die verskaffing van inligting en statistiek, aan lede van die publiek en Raadslede, herroep word.